BEROEPENUUS—26 Jan 2014

Beroepe ontvang-

Ds. DJA Booyens van Dendron/Magalakwin na Koster
Ds. J.C. van Dyk van Ventersdorp na Rustenburg-Wes as medeleraar
Ds. CJ van Vuuren van Hartbeespoort na Phalaborwa

Beroepe bedank-

Ds. AJ Coetsee van Uitschot na Newcastle
Dr. JA Erasmus van Odendaalsrus na Walvisbaai/Swakopmund/Hentiesbaai en na Kimberley
Ds. CA Jansen van Secunda na Koster
Ds. PW Kurpershoek van Middelburg (Tvl.) na Rietvallei as medeleraar
Ds. CJ Nagel (jr.) van Nylstroom na Walvisbaai/Swakopmund/Hentiesbaai

Beroepe aanvaar -

Dr. RS. Hobyane van Promosa na Teol. Skool Potchefstroom as prof. in NT met opdrag Grieks
Prop SN Jooste na Bellville kragtens art 7 KO om Engelssprekendes in die groter Kaapstad te vergader
Dr. FP Kruger van Meyerspark na Teol Skool Potchefstroom as prof. in Praktiese Teologie
Ds. PT Masase van Promosa na Boskop

Aurelius Augustinus – 'n Kwajong word kerkvader *(deur N van der Merwe 2009)*

Vervolg van verlede week

Augustinus en Calvyn

Calvyn was beslis vertroud met die geskrifte van Augustinus en het ook 'nbesondere kennis daarvan gehad. Dit blyk baie duidelik uit Calvyn se werke. So stel Calvyn 'n sekere saak in verband met die Tiende gebod en voeg by: "Tot hierdie insig het Augustinus my eerste gebring" (Institusie 2.8.50). Tydens die godsdiens gesprek wat in Oktober 1536 onder leiding van Farel en Viret te Lausanne gehou is, het Calvyn met die grootste gemak groot gedeeltes uit die werke van Augustinus uit die hoof aangehaal. In sy twisgesprek met die Lutheraan Westphal oor die nagmaal het Calvyn sy standpunt met groot gedeeltes uit Augustinus se werke gestut en versterk. Twee bewyse van Augustinus se invloed op Calvyn se denke kan as voorbeeld uitgelig word:

Die sakramente

Oor die nagmaal het Calvyn sekere uitsprake van Augustinus oorgeneem. Segswyses soos "die sakrament as die sigbare Woord" en die omskrywing van die nagmaal as "die band van die liefde" kry Calvyn by Augustinus. In hierdie opsig het die Hervorming nie iets nuuts gebring by die formulering van Augustinus nie. *Word vervolg*

*Vandag – Teuns Lagerwey 0829552975 **	29/01– Nadine Raath 0832948101
*Vandag – Martie Steyn 0123233965 **	30/01– Villiers de Vos 0832578655
27/01– Philna Coetzee 0826338753	30/01– Maria Henning 012321 7107
28/01– Rita de Beer 0829723311	31/01– Tina Knoesen 0783029830
*28/01– Anna Eloff 0829769834 **	01/02– Johan du Plooy 0827232552
29/01– Gavin Foster 0823772108	*Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur (*80 jaar en ouer)*

Baie geluk met u verjaarsdag

'n Spioen deug nie of hy moet so onvertroubaar wees dat weerskante hom vertrou – CJ Langenhoven

Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

26 Januarie 2014

EERSTE EREDIENS–(9h00)
Skriflesing: Esegiël 25:1-7
Teks: Esegiël 25:2-3
Sing: Ps. 105:1,23; Ps. 19:7; Ps. 126:2; Ps. 89:7

AMMONITIESE VALSAARDS

Wanneer Esegiël teen Ammon profeteer dan gaan dit oor hierdie gevaarlike bure wat Israel met hulle vriendskap masker meevoer.

Daar was veral teenoor Juda 'n strategie gevolg dat Sedekia met die Ammoniete, teen Nebukadnesar moet saamwerk, ja met die vernuftigste politieke praatjies wat mos baie keer allerhande mooi kluitjies wil bak is daar 'n heerlike toekoms aan Israel voorgehou as hulle Ammon ondersteun...

KATKISASIE– Katkisasie gaan normaal voort
Katkisasie lesse vir Laerskool op internet beskikbaar by http://bit.ly/JQjBz4

TWEEDE EREDIENS– (ná katkisasie)
Skriflesing: Johannes 1:1-5, 14; Romeine 9:1-5
NGB– Art 10
Teks: Johannes 1:3,14 ; Romeine 9:4
Sing: Ps. 45:9; Ps. 145:12; Ps. 46:6

JESUS IS GOD

Hier gaan dit om die wese van ons geloof. Wie op die stuk van die belydenis val, val heeltemal.

As dit was dat Christus nie waarlik God is nie dan kan die christelike geloof in alles bevraagteken word. Dan was dit waarlik maar net nog 'n godsdiens. Dan ken ons God nie waarlik nie.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/TettoI
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)
Vandag-Wyke 16 en 17
Ouderlinge: Frikkie van Schalkwyk en Jan Fanoy
Diakens: Willem du Plooy (jr.)

Volgende Sondag (02/02) – Wyke 20 en 21
Ouderlinge: Marius Coertze en Willem du Plooy (sr.)
Diakens: Henry Foster en Eugene Koole

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Br Duppie du Plessis wat geval en rondom sy heup-gedeelte seergekry het word volledige herstel toegebid. Hy is ontslaan uit die hospitaal maar moet nog die volgende paar weke by aansterking-kliniek (step-down) versorg word. Onder omstandighede gaan dit goed maar hy sukkel nog om te loop.
Sr Marietjie Minnaar wat onlangs in Rustenburg geval en seergekry het, is ons dankbaar om merkbare beterskap te mag sien. Ons vertrou dat sy spoedig volkome mag herstel. **Sr Ria Fanoy** moet eersdaag weer operasie aan haar voet ondergaan. Ons gebed is dat dit geseënd en n sukses mag wees. **Sr Connie Buys** wie se gesondheid nie goed is nie word aan die genadetroon van die Here opgedra. **Sr Ann van der Merwe** het merkwaardig verbeter. Ons is die Here dankbaar vir die wonder wat by haar plaasgevind het. Br **Kallie Tromp** word steeds in ons gebede aan die genadetroon van die Here opgedra. Ons is dankbaar dat hy weer op voltydse basis by Jubileum kan aanbly. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar. Gelukwense aan **br en sr Reuben en Mineze Grobler** wat Saterdag 25 Jan in die huwelik bevestig is. Mag hierdie huwelik geseënd wees en hulle lank gelukkig saam mag wees.

SUSTER SAAMTREK 2014

Dit is al weer sulke tyd! Vanjaar se saamtrek van susters vind DV op 8 Maart 2014 plaas. Dit word aangebied deur die Gerf kerk Lyttelton. Die spreker sal wees Hettie Britz, plek is NG Kerk Raslouw Eldoraigne. Koste is R100 per persoon. Kontak sr Christine om u name op te gee vir almal wat graag die saamtrek die jaar wil bywoon.

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	Paul Kruger kinderhuis DVB	Jeugsorg Intand-houding
02/02/2014 **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Zambië Intand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
7-9/02	Belydenis-katkisante kamp
11-12/02	Belydenis-katkisante ondervraging
13/02	Oudl-vergd
16/02	Voorbereiding
23/02	Nagmaal en Nabetragting

SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Diegene wat getrou hiertoe bydrae word bedank. Daar het deur die jaar heelwat produkte op die manier hulle weg na die kinderhuis gevind.
Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.
Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

SUSTERS RESEPTEBOEK

Die susters wil graag vroeg in hierdie jaar die resepteboek laat verskyn.
Indien daar nog iemand is wat resepte wil ingee moet u dit asseblief voor die einde van Januarie aan sr Anria Möller gee. Haar e-posadres is anria_m@yahoo.com. Sy kan gekontak word by 0273731597.

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week
MATTHEüS 9:32-34
Die Fariseërs probeer ook nou om die mense te oortuig dat Jesus nie lemand besonders is nie, met hulle antwoord dat hy deur Satan self dit kon doen. By `n latere geleentheid weerspreek die Here hulle deur daarop te wys dat `n koninkryk wat teen homself verdeel is, tog nie kan bestaan nie. Hy openbaar dat hulle met hierdie woorde die onvergeefbare sonde teen die Heilige Gees begaan het: hulle het God se werk aan die Duiwel toegeskryf !
Afronding van hierdie eerste fase van die werk. Voorbereiding van die sewentig dissipels vir hulle sending.
9:35, elke siekte . . . genees – *Hierdie vers is nog een van Totius se verwysingsplekke om te wys op die barmhartigheid wat die diakens moet betoon.*
Stede en dorpe – `n Dorp was van `n stad onderskei daarin dat dit nie ommuur was nie, en afhanklik was van die stede.
Jammer gevoel – As gevolg van die Fariseïse las, dat `n mens self jou saligheid moet bewerk (wat onmoontlik is), was die geestelike las op die volk groot. Daarby kom nog die eeue lange onderdrukking van die volk deur heidene, waardeur die Israeliete se verwagting van die Messias verhoog is . . . maar hulle kon Hom nog nie herken as die Beloofde nie. Hulle het nog nie besef dat Hy die Herder van Ps 23 was nie, maar Sy leer het hulle dors geles.
9:37-38, die oes – *Totius meen dat hierdie verse nie direk op Openb 14 se graan- en wyn-oes betrekking kan hê nie, omdat hier nie van die dorsvloer en die bymekaarmaak in skure gepraat word nie. Hier word die gelowiges as die oes gepraat en in Openb 14 is die graanoes beeld van wat met die ongelowiges gaan gebeur in die eindtyd. Die Woord maak onderskeid "tussen volkere en volkere en tussen oordeel en oordeel." Hierdie voorbeeld moet ons leer om te volhard in die gehoorsaamheid.*
Met hierdie woorde het Jesus begin om die dissipels voor te berei vir hulle latere taak as Apostels, maar ook vir die sending van die sewentig, wat nou sou volg. Die uitverkorenes is soos `n oes wat ryp is, en net nog ingesamel moet word. Die blydskap waarvan Jesaja 9:1-6 gesing het, en die oes waarvan Hos 6:11 gepraat het, het vervul geraak. Die HERE het waarlik nou die tyd aangebring waarin Hy die lot van Sy volk verander het.
Dit moes vir hulle `n persoonlike behoefte raak om die troos van die koms van die Koninkryk aan ander te verkondig. Uiteindelik moes hulle die eerstes wees waarvoor hier en nou al gebid moes word: die arbeiders wat in die oes uitgestuur word.
MATTHEüS 10
Sending en opdrag van die Apostels
10:1 – In 9:38 sê Jesus dat gebid moet word dat die HERE arbeiders in die oes moet uitstuur. Hierdie hoofstuk begin, waar Hy die Dissipels toerus met die gawes om die eerste van hierdie arbeiders te wees.
mag gegee – "Mag", in die sin van "gesag".
Soos Christus gelowiges vir ons profetiese en koninklike taak roep, roep Hy ons ook vir `n priesterlike taak. Die Here beoefen hierdie Amp van Hom steeds vanuit die hemel ook deur die voorbidding en die seëninge in Sy gemeente. Saam met die Apostels se opdrag om te verkondig, kom ook die opdrag om barmhartigheid te bewys. Hulle het daarby ook die besondere genadegawes in daardie begintyd van die Kerk gehad, bv om geeste uit te dryf en siektes en kwale te genees. In die Apostels se opdrag, lê die opdrag aan die Kerk, wat op die fondament van die Apostels se prediking gebou is. Ons het wel **nie meer die uitsonderlike gawes** nie, maar die barmhartigheid word op baie ander wyses betoon.
*Totius behandel elders die uitstorting van die Heilige Gees, en wys daarop dat die emosionele geloofsrigting onder andere hierdie vers **misbruik** as "bewys" dat allerhande wonders moet plaasvind, om geloof te bewys. Daarmee saam gebruik hulle ook bv. Mark 16:17-20 en Jak 5:14-16 op verkeerde wyse.*
Onreine geeste – `n Ander manier om duiwels aan te dui. Hulle is kreature wat die reinheid voor God deur hulle afval saam met Satan verloor het.
Een verklaarder wys daarop dat die Dissipels *nie* die mag en gesag ontvang het om tot bekering te bring nie. Dit is omdat God alleen hierdie wonder kan laat plaasvind. Die verkondigers is slegs Sy instrumente, wat die Woord bring. Die Gees gebruik die Woord om tot geloof te bring.
Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

9 Jan 1871– Eugene Marais gebore; *10 Jan 1818*– Dirk Postma gebore; *11 Jan 1859*- Uittrede 15 Gereformeerdes uit die Herv. Kerk van ZAR; *12 Jan 1666*– Ds. Joan van Arckel eerste vaste geordende predikant aan die Kaap onverwags op 26-jarige ouderdom oorlede; *12 Jan 1865*– JFE Cilliers gebore; *13 Jan 1849*– Kerkbode, amptelike mondstuk van die NG kerk verskyn die eerste keer; *13 Jan 1922*– CP Hoogenhout oorlede; *18 Jan 1677*– Jan van Riebeeck oorlede ; *20 Jan 1831*– Geboortedag van genl. Piet Joubert; *21 Jan 1854*– Geboortedag van ds. Petrus Postma; *21 Jan 1860*– Gerf kerk Burgersdorp gestig; *25 jan 1981*– Die Laingsburg vloedramp vind plaas; *29 Jan 1956*– Toon van den Heever oorlede; *29 Jan 1996*– Jamie Uys oorlede; *1 Feb. 1873*– Geboortedag PGW Grobler; *3 Feb. 1922*– Genl. CR de Wet oorlede; *4 Feb. 1838*– Sluiting van traktaat met Dingaan